CMP101-3/102/3/2002

97245925

UNISA

# DEPARTEMENT STRAF- EN PROSESREG

**STRAFPROSESREG**

**(CMP101-3)**

**EERSTE EN TWEEDE SEMESTER**

**STUDIEBRIEF 102/2002**

Geagte Student

**(1) FORMAAT VAN EKSAMENVRAESTEL IN 2002**

**(2) KOMMENTAAR OP DIE JANUARIE/FEBRUARIE 2000 EKSAMENVRAESTEL**

**(3) UITSLUITING VAN SEKERE GEDEELTES VAN DIE HANDBOEK VIR EKSAMENDOELEINDES**

## (1) FORMAAT VAN EKSAMENVRAESTEL IN 2002

**Die formaat van die eksamenvraestel is verander vanaf 2000. Die vraestel bestaan uit twee afdelings waarvan die eerste deel (Afdeling A) op 'n merkleeskaart (wat deur Unisa verskaf sal word) met 'n HB potlood ingevul moet word om deur die rekenaar nagesien te word. U moet dus 'n HB potlood saambring na die eksamenlokaal.**

**Afdeling A bestaan uit 25 waar-of vals stellings wat u moet aandui deur 'n strepie te trek in die korrekte opsie langs elke vraag. Die tweede deel (Afdeling B) bestaan, soos in die verlede, uit probeem- en ander vrae wat u in die antwoordboek moet uitskryf. In**

**hierdie afdeling is daar ook soos gewoonlik keusevrae waaruit u kan kies. Afdeling A tel 25 punte en Afdeling B tel 75 punte, met 'n totaal van 100 punte.**

## (2) KOMMENTAAR OP DIE JANUARIE/FEBRUARIE 2000 EKSAMENVRAESTEL

### BELANGRIKE KENNISGEWING

Ons het besluit om die Januarie/Februarie 2000 eksamenvraestel te bespreek as 'n voorbeeld van die tipe vrae wat u te wagte kan wees in afdeling B van die vraestel. Die volgende voorbeeld uit die Mei/Junie 2001 eksamenvraestel gee vir u 'n goeie aanduiding van die tipe stellings wat u te wagte kan wees in afdeling A van die vraestel:

Dui aan of die volgende stellings **waar** of **vals** is:

- SA burgers wat misdade pleeg in die Antarktika kan deur Kaapstadse howe verhoor word.

  Antwoord: Waar. (Sien die Handboek 40 vir motivering van die antwoord.)

- Die interdik is 'n hofbevel wat 'n persoon gebied om 'n plig uit te voer.

  Antwoord: Vals. (Sien die Handboek 28).

Hierdie studiebrief is voorts bedoel vir studente wat vir die tweede Strafprosesreg module geregistreer het, dws CMP102-4, of u die kursus loop in die eerste of die tweede semester.

**LET OP:** **Die Januarie/Februarie 2000 vraestel is vervat in die Aanhangsel tot hierdie studiebrief.**

### ALGEMENE OPMERKINGS

Alhoewel hierdie studiebrief kommentaar bevat op die vier vrae gestel in die Januarie/Februarie 2000 eksamenvraestel, moet u dit glad nie as model antwoorde op die vrae sien nie. Die kommentaar bevat bloot **riglyne** waarvolgens die vrae beantwoord kon gewees het en is bedoel om u leiding in hierdie verband te verskaf. U sal uit die staanspoor moet besef dat Strafprosesreg 'n vak is waarin u selfstandig sal moet dink en afleidings maak, aangesien 'n groot deel van die vak op toepassing toegespits word. Die Januarie/Februarie 2000 eksamenvraestel het dan ook heelparty sulke toepassingsvrae bevat, alhoewel die meerderheid van die vrae egter direkte vrae was. By toepassingsvrae is daar dikwels meer as een manier waarop hulle beantwoord kan word en indien u antwoord verkeerd is, maar u benadering is korrek, sal u krediet daarvoor kry. Indien u byvoorbeeld 'n feitestel gegee word waar 'n besondere vonnis op 'n beskuldigde in 'n bepaalde hof opgelê word en dit van u vereis word om te bespreek of die vonnis korrek is al dan nie, en sou u verkeerdelik verklaar dat die vonnis foutief is maar die besondere hof se strafjurisdiksie korrek weergee, sal u meer punte verdien as die student wat slegs (korrek) verklaar dat die vonnis korrek is, maar geen redes daarvoor verskaf nie.

Die volgende basiese stappe kan moontlik van hulp wees by die oplossing van toepassingsvrae:

(1) u moet deur 'n proses van eliminasie die toepaslike regsvraag identifiseer

(2) u moet die tersaaklike regsbeginsels aan die hand van die feite bespreek

(3) u moet die regsbeginsels op die feite toepas.

By die bespreking van die tersaaklike regsbeginsels moet u veral wys op botsende regsbeginsels en u stellings met gesag motiveer.

Let op dat verwysings in die bespreking na "die Wet" verwys na "die Strafproseswet 51 van 1977"; verwysing na die "*Handboek*" of "Joubert", verwys na die "*Strafprosesreg Handboek*", redakteur Joubert 5de uitgawe (2001); en "die Grondwet" verwys na die "Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996".

Hieronder vind u afsonderlike kommentaar op sommige vrae. Wat betref vrae wat geen kommentaar benodig nie, word u bloot na die Handboek se bespreking verwys.

## BESPREKING VAN VRAE

**Vraag 1(a)** **(15)**

Artikel 49(2) van die Wet is van toepassing. Die las rus op die arresteerder om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat aan die vereistes van die artikel voldoen is, nl.

(i) Die bevoegdheid om te dood bestaan slegs in gevalle van spesifieke ernstige misdade, te wete daardie wat vermeld word in Bylae 1 van die Wet, wat insluit moord, strafbare manslag en misdade waarvoor gevangenisstraf vir 'n langer tydperk as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word. In hierdie geval kan die statutêre misdaad van roekelose of nalatige bestuur van toepassing wees, maar hierdie kennis word nie van u in Strafprosesreg vereis nie. Die bogenoemde beginsel is genoegsaam.

**of**

(ii) die voortvlugtige moet redelikerwys verdink word van die pleging van 'n Eerste Bylae misdryf. Die toets om dit vas te stel is objektief, dws die omstandighede moet so wees dat 'n redelike persoon tot dieselfde gevolgtrekking sou gekom het.

(iii) Die persoon wat arresteer of poog om te arresteer – met of sonder (soos in hierdie geval) 'n lasbrief – moet die bevoegdheid hê om die slagoffer met of sonder 'n lasbrief in hegtenis te neem vir so 'n Eerste Bylae misdaad. Sien gevolglik a 42(1) van die Wet, nl, as Z 'n privaat persoon is, mag hy/sy enige persoon arresteer wat in sy/haar teenwoordigheid 'n Eerste Bylae misdryf pleeg of wat hy/sy redelikerwys vermoed so 'n misdaad gepleeg het. Sien dus die bespreking in (i) en (ii) hierbo. As Z 'n vredesbeampte is (soos bv 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens) mag hy/sy sonder 'n lasbrief enige persoon arresteer wat 'n misdaad in sy/haar teenwoordigheid pleeg of wat hy/sy redelikerwys vermoed 'n Eerste Bylae misdryf gepleeg het. Sien dus weer die bespreking in (i) en (ii) hierbo.

(iv) Z moes 'n poging aangewend het om die oortreder te arresteer. Hy/sy kan nie bloot iemand dood sonder 'n poging aan sy/haar kant om die oortreder te arresteer nie. Die populêre opvatting dat 'n huiseienaar iemand wat op sy/haar perseel oortree en weghardloop, slegs drie keer hoef te waarsku om stil te staan en dan maar kan skiet, is onjuis. Dit op sigself is sekerlik nie onder alle omstandighede 'n poging om iemand in hegtenis te neem nie. Op hierdie punt alleen sal Z se verweer kragtens a 49(2) faal.

(v) Z moes die opset gehad het om die oortreder in hegtenis te neem. Dit beteken dat hy/sy die opset moes gehad het om die oortreder voor die gereg te bring. Dit blyk nie asof Z die nodige opset gehad het om P te arresteer nie.

(vi) Die oortreder moes gevlug het (wat die geval hier is) of weerstand gebied het.

(vii) Die oortreder moet bewus wees van die voorneme van die arresteerder (wat kenbaar gemaak moet word) om hom/haar in hegtenis te neem en dan met daardie bewussyn vlug. Deur bloot op P te skreeu, het Z geen voorneme geopenbaar om hom/haar te arresteer nie.

(viii) Daar moes nie 'n ander wyse gewees het waarop die oortreder in hegtenis geneem kon word nie. Dit hang van die feite van elke bepaalde saak af. Redelike stappe kan gedoen word om hom/haar te arresteer. Z se optrede is sekerlik nie redelik in die besondere geval nie.

(ix) Die geweld moes vanselfsprekend teen die verdagte oortreder gerig gewees het – wat hier die geval is. Aangesien Z se optrede nie aan al die bogenoemde vereistes voldoen nie, sal sy/haar verweer op grond van a 49(2) nie slaag nie. (Vgl die *Handboek* 111-117, en 103-107.)

(Hierdie vraag en antwoord is 'n baie goeie voorbeeld van dit wat ons hierbo probeer verduidelik het. Of Z se handelinge aan al die vereistes voldoen of nie, is in die werklike lewe baie belangrik vir 'n werklike Z, maar vir u doeleindes as studente is die beginsels belangriker as die korrekte antwoord – iets wat soms moeilik is om te bepaal en waaroor mense met reg met mekaar kan verskil.)

**NB Artikel 49(2) is intussen herroep en vervang deur artikel 7 van die Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 122 van 1998, maar is by die skrywe hiervan (15 Februarie 2002) nog nie in werking gestel nie ten spyte van persberigte tot die teendeel. Vir u eksamendoeleindes geld die posisie dan nog steeds soos in die Handboek uiteengesit.**

**Vraag 1(b)** **(10)**

Hierdie vraag is 'n goeie voorbeeld van wat u al baie in die verlede vertel is, naamlik dat dit van die uiterste belang is om 'n vraag deeglik deur te lees en soms weer en weer en ook dat u aan elke woord 'n betekenis moet heg. Daar bestaan nie so iets soos 'n laerhof nie. Wanneer die term gebruik word, dui dit op 'n landdroshof (of 'n distrikshof, soos dit ook bekend staan) of 'n streekhof. Indien dit van u verlang word om die strafjurisdiksie van 'n laerhof te bespreek, geld dit vir beide howe. Sou u gevra word om die strafjurisdiksie van 'n streekhof te bespreek, sou die jurisdiksie van 'n distrikshof irrelevant gewees het.

U kon dus die vraag soos volg beantwoord het:

'n **Streekhof** kan die volgende strafsoorte oplê en geen ander nie:

(i) gevangenisstraf wat nie vyftien jaar mag oorskry nie;
(ii) periodieke gevangenisstraf;
(iii) verklaring tot gewoontemisdadiger;
(iv) verwysing na 'n behandelingsentrum;
(v) 'n boete wat nie die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by wyse van 'n afkondiging in die *Staatskoerant* vasstel, mag oorskry nie. Tans is die bedrag R300 000;
(vi) korrektiewe toesig; en
(vii) gevangenisstraf waaruit die persoon onder korrektiewe toesig geplaas kan word.

'n **Distrikshof** kan die volgende strafsoorte oplê en geen ander nie:

(i) gevangenisstraf wat nie drie jaar mag oorskry nie, tensy vir 'n statutêre misdaad die hof se strafjurisdiksie uitdruklik deur wetgewing verhoog word.
(ii) periodieke gevangenisstraf;
(iii) verwysing na 'n behandelingsentrum;
(iv) 'n boete, soos hier bo bepaal - tans die bedrag van R60 000;
(v) korrektiewe toesig; en
(vi) gevangenisstraf waaruit die persoon onder korrektiewe toesig geplaas kan word.

(Sien die *Handboek* 41-43.)

**OF**

Bespreek die inhoud en toepassing van die "4km reël"

Sien die *Handboek* 37-38.

**Vraag 2(a)** **(15)**

Ons sal hier kortliks aanstip welke aspekte in hierdie vraag bespreek moet word.

(i) Ten aansien van die reëlmatigheid of nie van die aanhouding van X en Y, moet vermeld word dat 'n gearresteerde so gou moontlik na 'n polisiekantoor geneem word na sy/haar inhegtenisneming en dat hy/sy vir hoogstens 48 uur aangehou word.

(ii) Die aanhouding van a 50 behels twee tydperke: die eerste is daardie tydperk wat volg op die inhegtenisname maar voor die aankoms by die polisiekantoor en die tweede is daardie tydperk nadat hy/sy na die polisiekantoor gebring is. Dit is die eerste tydperk waarop die woorde "so gou moontlik" slaan.

(iii) Indien 'n aangehoudene nie vrygelaat word omdat geen aanklag teen hom/haar ingebring gaan word nie, bv waar die polisie ontdek dat hy/sy inderdaad onskuldig is, mag hy/sy nie vir langer as 48 uur aangehou word nie tensy hy/sy voor 'n laer hof gebring word, wat die eerste verskyning genoem word.

(iv) Die 48 uur tydperk word baie uitgebrei deur a 50(1)(d)(i)-(iii). Sien die *Handboek* 109, wat belangrik is wanneer die vraag bespreek moet word, maar wat nie nou hier herhaal gaan word nie.

Aangesien die 48 uur in ons vraag eers op Vrydag om 18:00 verval, naamlik na 16:00, word dit geag te verval eers op Maandag om 16:00. Hulle aanhouding is gevolglik regmatig.

(v) Vir 'n bespreking van die sg "polisie borgtog", sien die *Handboek* 145-147. Die aspek moet bespreek word aangesien in ons vraag die polisie geregtig sal wees om borg toe te staan, aangesien die misdaad diefstal van 'n pakkie lekkers is waarvan die waarde sekerlik minder as R200-00 is. (sien bylae 2 dele ii en iii.) Indien borg deur die polisie toegestaan is ( deur 'n polisiebeampte met of bo die rang van onder-offisier) sal dit van krag bly tot en na die eerste verskyning van die beskuldigde in 'n laer hof op dieselfde wyse as sou die borg deur die hof toegestaan gewees het.

(vi) Indien die polisie nie borgtog toegestaan het nie, moet die beskuldigde tydens sy/haar eerste verskyning in die hof ingelig word van sy/haar reg om om borgtog aansoek te doen. Anders sou dit 'n onreëlmatigheid daarstel.

(vii) In die algemeen het elkeen wat in hegtenis geneem word vir die beweerde pleging van 'n misdaad die reg om uit aanhouding vrygelaat te word indien dit in belang van geregtigheid is, onderhewig aan redelike voorwaardes - a 35(1)(f) van die Grondwet.

(viii) 'n Beskuldigde wat nie deur 'n geregshof skuldig bevind is nie, word grondwetlik geag onskuldig te wees - a 35(3)(h) van die Grondwet. Daar is 'n duidelike spanning tussen hierdie vermoede en die ontneming van vryheid hangende die uitspraak van 'n geregshof. Borgtog is 'n metode om 'n kompromis te vind.

(ix) Die wetgewer het bepaal dat weiering om borgtog toe te staan in die belang van geregtigheid sal wees indien een of meer van die gronde waarna in a 64 verwys word, vasgestel is.

(x) Die landdros het 'n diskresie om borgtog toe te staan welke diskresie geregtelik uitgeoefen moet word.

(xi) Die bedrag van borgtog mag nie buitensporig wees nie, en die borgtogvoorwaardes mag nie onredelik wees nie.

(xii) Die landdros mag borgtog weier indien hy/sy van oordeel is dat die beskuldigde 'n bedreiging vir die veiligheid van die staat mag inhou; die openbare orde sal versteur; sal ontvlug; met getuies sal inmeng en die behoorlike funksionering van die strafregstelsel in die gevaar sal stel.

(xiii) Die feit dat Y nie 'n vaste adres het nie, word nie uitdruklik in die Wet genoem nie, maar wanneer 'n aansoek om borgtog oorweeg word, kan enige faktor wat na die oordeel van die hof in ag geneem mag word, in aanmerking geneem word.

Sien *Joubert* 143-155.

**Vraag 2(b)**

Private vervolging moet hier bespreek word.

Daar is twee soorte private vervolging, nl:

(i) deur 'n individu met 'n *nolle prosequi*; en
(ii) kragtens 'n statutêre reg.

(i) hierbo is hier van toepassing.

Enige persoon aan wie die reg uitdruklik deur 'n wet verleen word, kan 'n vervolging instel en voortsit in 'n hof wat bevoeg is om daardie misdaad te bereg - a 8(1) van die Wet.

**Vereistes**

(i) 'n Sertifikaat *nolle prosequi* – sien *Joubert* 71-2.

(ii) Locus standi van 'n private aanklaer –

(a) enige privaat persoon wat by die geskil in die verhoor 'n wesenlike en besondere belang bewys wat uit benadeling ontstaan wat hy/sy persoonlik gely het as gevolg van die pleging van die misdryf. Die vraag is hier basies of dit duidelik is dat 'n persoon se regte as gevolg van die misdaad aangetas is. Y se ouers voldoen sekerlik hieraan want hulle sal verantwoordelik wees vir hulle minderjarige seun se mediese uitgawes.

(b) die wettige voog of kurator van 'n minderjarige indien bedoelde misdaad teen sy/haar pupil gepleeg is. Dit is ook die posisie in die vraag.

In *Mullins v Pearlman* is beslis dat slegs persone wat kan bewys dat hulle werklik skade gely het as gevolg van die pleging van die beweerde misdaad geregtig is om 'n private vervolging in te stel.

Sien *Joubert* 70-72.

**Sekerheidstelling deur private aanklaer**

'n Bedrag van R1 000 moet gedeponeer word by die landdroshof in wie se gebied die beweerde misdryf gepleeg is as sekerheid dat die private aanklaer die aanklag teen die beskuldigde sonder onbehoorlike vertraging tot die einde sal voer. Die hof kan 'n verdere bedrag bepaal wat gedeponeer moet word as sekerheid vir die koste wat die beskuldigde mag aangaan ten aansien van sy/haar verdediging op die klagte.

Sien *Joubert* 72.

**Die prosedure wat gevolg moet word**

'n Private vervolging word op dieselfde wyse voortgesit asof dit 'n vervolging van staatsweë is – a 12(i) van die Wet. Die private persoon mag in persoon verskyn of hy/sy mag 'n regsverteenwoordiger aanstel om namens hom/haar te vervolg. Die beskuldigde kan aan die einde van die verhoor skuldig bevind en gevonnis word soos in 'n gewone strafverhoor.

**OF**

**Uitsonderings op die algemene beginsel dat die verhoor van 'n beskuldigde, die bevinding van die hof en die oplegging van vonnis in sy/haar teenwoordigheid moet geskied. (10)**

Die algemene reël is vervat in die Grondwet in aa 34 en 35(3)(c) en (e) wat toegang tot 'n geregshof waarborg, insluitende (as deel van die reg op 'n billike verhoor) die reg op 'n openbare verhoor voor 'n gewone geregshof.

**Uitsonderings op die reël**

(i) 'n Verhoor in die afwesigheid van die beskuldigde weens sy/haar wangedrag sodat die voortsetting van die verrigtinge in sy/haar teenwoordigheid ondoenlik is. Dit sal egter slegs gelas word as 'n laaste uitweg en slegs indien dit nie vermy kan word nie. Hy/sy moet eers gewaarsku word. Selfs nadat die beskuldigde verwyder is, is dit wenslik om hom/haar 'n verdere geleentheid te gee en hom/haar by die afsluiting van getuienis voor die hof te laat bring en te vra of hy/sy getuienis wil aflê.

(ii) Afwesigheid van die beskuldigde waar daar daar meer as een beskuldigde is.

Op aansoek van die beskuldigde of sy/haar regsverteenwoordiger kan die hof die afwesigheid van die beskuldigde gelas op die volgende gronde:

(a) die fisiese toestand van die beskuldigde is sodanig dat hy/sy nie in staat is om die verhoor by te woon nie of dat dit onwenslik is dat hy/sy die verhoor bywoon; of

(b) daar omstandighede in verband met die siekte of dood van 'n lid van die beskuldigde se familie ontstaan het wat sy/haar afwesigheid van die verrigtinge noodsaak.

Sien *Joubert* 83-4.

(iii) Betaling van 'n boete sonder verskyning in die hof.

Sien *Joubert* 84-85, wat nie hier herhaal word nie.

**Vraag 3(a) (13)**

'n Distrikshof (= 'n landdroshof) kan alle misdade verhoor behalwe moord, hoogverraad en verkragting. Die misdrywe vermeld in die klagte val buite die hof se jurisdiksie en kan nie daar verhoor word nie. Beide misdade kan egter deur die streekhof en die Hoë Hof bereg word.

Sien *Joubert* 35-6.

Waar die beskuldigde in die landdroshof verskyn op 'n aanklag wat wel in die streekhof beregbaar is, maar nie in die distrikshof nie, stel die staatsaanklaer die aanklag aan die beskuldigde en word hy deur die landdros aangesê om onverwyld daarop te pleit. Indien die beskuldigde onskuldig pleit, ondervra die landdros hom/haar ingevolge die bepalings van a 115 van die Wet en as hy tevrede is, verwys hy die beskuldigde vir summiere verhoor na die betrokke streekhof. Op 'n pleit van skuldig word die beskuldigde in terme van a 112 ondervra en indien die landdros tevrede is dat die beskuldigde skuldig is, verwys hy/sy die beskuldigde

vir vonnis na die betrokke streekhof. Indien die landdros nie tevrede is nie dat die beskuldigde skuldig is nie, teken hy 'n pleit van onskuldig aan en verwys die beskuldigde vir summiere verhoor na die betrokke streekhof. Die beskuldigde behoort gevra te word om opnuut te pleit tydens die daaropvolgende verhoor, ongeag watter pleit hy/sy in die landdroshof gepleit het.

Aangesien X reeds vantevore aan verkragting skuldig bevind is, mag dit wees dat die direkteur van openbare vervolgings (DOV) besluit om van a 119 (die ingekorte voorlopige ondersoek) gebruik te maak. Sien *Joubert* hoofstuk 11.)

Die doel van hierdie prosedure is om die las van die Hoë Hof en ook die DOV te verlig. (Sien *Joubert* 170.) Dit is die geval waar die DOV van mening is dat die misdaad(e) 'n straf regverdig wat die jurisdiksie van laerhowe te bowe gaan. Die aanklaer kan dan in opdrag van die DOV die aanklagte in die landdroshof aan die beskuldigdes stel. Die landdros versoek X om op die aanklagte te pleit. Wanneer X skuldig pleit, ondervra die landdros hom/haar om vas te stel of hy/sy die bewerings in die klagstaat erken (a 121). Indien die landdros tevrede is dat X die bewerings erken, stop hy/sy die verrigtinge in afwagting van die besluit van die DOV. Die DOV mag besluit op die forum waar die beskuldigde vir vonnis verwys moet word.

Indien die landdros nie tevrede/oortuig is dat X die beweringe teen hom/haar erken nie, moet hy/sy dit notuleer, asook ten opsigte van welke aspek hy/sy nie oortuig is nie en 'n pleit van onskuldig aanteken en met die beskuldigde in terme van a 122(1) handel. Die hof moet die beskuldigde van die besluit van die DOV inlig.

Indien die beskuldigde onskuldig pleit, handel die hof ooreenkomstig a 115. Die hof vra vir X of hy/sy 'n verklaring wil maak om die basis van sy/haar verdediging te openbaar. Die hof kan die beskuldigde vrae vra rondom sy/haar verklaring ten einde vas te stel welke beweringe erken of ontken word. X kan weier om 'n verklaring te maak en die hof kan X steeds ondervra. Die hof moet X vra of enige bewering as 'n erkenning aangeteken kan word. Wanneer aan die a 115 prosedure voldoen is,stop die hof die verrigtinge en verwys die saak na die DOV.

Die DOV kan soos volg handel: Ingeval van 'n skuldig pleit, kan X vir vonnis na 'n gepaste hof verwys word. Ingeval waar die Hoë Hof of streekhof die gepaste forum is, kan gemelde howe X skuldig bevind en vonnis. Hierdie howe moet eers vasstel of hulle tevrede is dat die beskuldigde die bewerings in die aanklag of akte van beskuldiging verstaan en mag 'n pleit van onskuldig aanteken in dien nie so oortuig nie. Die DOV kan ook 'n voorlopige ondersoek instel.

**Vraag 3 (b)**

**(12)**

**(i) Voorwerpe vatbaar vir beslaglegging**

Sien *Joubert* 129-130. Dit word nie hier bloot herhaal nie.

**(ii) Gebruik van geweld by toegang tot 'n perseel.**

Dit kan geskied met of sonder 'n deursoekingslasbrief. Artikel 22 van die Wet bepaal dat 'n polisiebeampte sonder 'n lasbrief 'n perseel mag deursoek ten einde op 'n artikel 20 bedoelde voorwerp beslag te lê. Indien 'n persoon toestem tot betreding of die polisiebeampte op redelike gronde vermoed dat hy/sy 'n deursoekingslasbrief sal verkry indien hy/sy daarom aansoek sou doen, en dat 'n vertraging in die verkryging van sodanige lasbrief die deursoeking se oogmerke sal verydel, mag die polisiebeampte die perseel betree sonder 'n

lasbrief.

Hy/sy mag geweld gebruik wat redelik nodig is om weerstand te oorkom soos die oopbreek van 'n deur/venster van 'n perseel (a 27). Die vereistes is dat die polisiebeampte hoorbaar toegang moes gevra het en die doel bekend moes gemaak het waarom hy/sy die perseel wil betree behalwe in geval waar die voorwerp vernietig/weggegooi kan word indien daar eers aan die voorwaarde voldoen sou word.

Artikel 48 laat ook 'n polisiebeampte toe om 'n perseel te betree ten einde 'n arrestasie te doen. Die geweld moet redelik wees; toegang moes eers gevra word en die doel bekend gemaak word waarvoor toegang versoek word. Indien toegang nie verkry word nie, kan die perseel oopgebreek word, binnegegaan word en die perseel deursoek word ten einde die persoon te arresteer. Sien *Joubert* 134 en 136-137.

**OF**

**Die privilegie teen self-inkriminasie (die reg om te swyg).**

'n Bespreking hiervan is volledig te vind in Joubert 8-11 en dit dien geen doel om dit weer net hier te herhaal nie.

**Vraag 4(a)** **(13)**

**Ondervraging van 'n persoon deur die polisie.**

**'n Persoon as 'n beskuldigde/verdagte.**

'n Beskuldigde het 'n reg om te swyg, maar nie 'n reg om nie ondervra te word nie. Die polisie kan 'n persoon binne perke ondervra indien regmatig toegang tot 'n perseel verkry is. 'n Beskuldigde is nie verplig om vrae te beantwoord nie. Geen nadelige afleiding mag as gevolg van so 'n weiering tydens die verhoor gemaak word nie.

**'n Persoon as 'n getuie.**

Die polisie kan 'n perseel betree ten einde vrae oor 'n misdaad te vra, dit te ondersoek en verklarings af te neem – a 26. Die privaatheid van die inwoners word deur die Wet gerespekteer. Daarom moet die polisie toestemming vra om die perseel te betree. Indien weerstand gebied word, of dit in belang van die regspleging is, kan daar ingevolge a 27 opgetree word – te wete met geweld.

**Vredesbeampte kan volle naam en adres eis**

Die polisie is geregtig om die volle naam en adres van 'n persoon te vra, ongeag of die persoon 'n verdagte of getuie is waar die polisie vermoed dat die persoon die misdaad gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg of (as getuie) waar na die oordeel van die vredesbeampte, die persoon instaat mag wees om getuienis af te lê betreffende die pleging of vermeende pleging van 'n misdaad – a 41(1). Indien die persoon weier om die inligting te verskaf, kan die polisiebeampte die persoon sonder 'n lasbrief arresteer of waar vermoed word dat dit valse gegewens is, kan die polisiebeampte hom/haar sonder lasbrief arresteer en vir hoogstens 12 uur aanhou of vir solank dit neem om die besonderhede te bevestig.

Dit is 'n misdaad om te weier om gemelde besonderhede te verskaf of valse besonderhede te verskaf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens drie maande.

Sien *Joubert* 120-126.

**Vraag 4(b)** **(12)**

**Dagvaarding en akte van beskuldiging.**

Die kernverskil tussen 'n dagvaarding en 'n akte van beskuldiging (= akte) is:

(i) dat die dagvaarding 'n skulderkenningsboete bedrag kan bevat, terwyl dit nie die geval by 'n akte is nie.

(ii) terwyl die dagvaarding slegs persoonlike besonderhede en die oortreding moet bevat, moet die akte benewens persoonlike besonderhede en die misdryf, ook 'n opsomming van die wesenlike feite in die saak en 'n lys van die name en adresse van staatsgetuies bevat.

(iii) die tydperk van betekening by dagvaardings is minstens 14 dae voor die verhoor, en in die geval van 'n akte minstens 10 dae voor die verhoor.

(iv) 'n dagvaarding word deur die polisie of ander gemagtigde persone beteken terwyl 'n akte ook deur die landdros wat die beskuldigde vir verhoor verwys, aan die beskuldigde oorhandig kan word.

Sien *Joubert* 96-98.

**OF**

**Die bevoegdhede van die nasionale direkteur van openbare vervolgings.**

Dit word volledig bespreek in *Joubert* 54-55 en word nie hier weer net bloot herhaal nie.

## (3) UITSLUITING VAN SEKERE GEDEELTES VAN DIE HANDBOEK VIR EKSAMENDOELEINDES

In hierdie gedeelte verskaf ons inligting oor gedeeltes van u voorgeskrewe handboek wat u vir die eksamen buite rekening kan laat.

Met die oog op die toenemende omvang van die strafprosesreg, het ons besluit om sekere gedeeltes van die voorgeskrewe werk (*Strafprosesreg-handboek* 5 uitg (2001), red Joubert) vir die eksamen uit te sluit. Dié dele word in hierdie studiebrief uiteengesit. Moet asseblief geen ander dele van die voorgeskrewe werk weglaat nie.

U hoef nie die dele wat hieronder aangedui word, vir die eksamen te ken nie; geen eksamenvrae sal daaroor gestel word nie. U moet egter wel die dele lees wat nie bestudeer hoef te word nie, ten einde die samehang te behou en kennis te dra van die basiese inhoud

daarvan: dit is moeilik om vas te stel watter komponente van die strafproses deur 'n probleem betrek word wanneer insig ontbreek oor die geheel van die stelsel waarbinne daardie komponente inpas. U aandag sal hieronder pertinent gevestig word op gedeeltes waarvan parate kennis nie vir die eksamen vereis word nie, maar waarvan u wel in breë trekke kennis moet neem. Dit bied naamlik vir u die nodige agtergrondkennis om daardie gedeeltes waarvan grondige kennis vereis word in die korrekte perspektief te kan sien. Ons verwag byvoorbeeld nie van u om die bylaes by die Strafproseswet grondig te bestudeer nie, maar u moet darem daarvan bewus wees dat Bylae 1 die ernstige misdade insluit: moord, hoogverraad, verkragting, en so meer.

Sorg dat u die weggelate gedeeltes noukeurig merk ten einde enige misverstand te voorkom.

**Hoofstuk 1**

| | |
|---|---|
| Bladsy 11 tot 26 | Skrap alles vanaf "5 REGTE EN BEVOEGDHEDE ..." tot voor "10 REGSMIDDELE". |

**Hoofstuk 3**

| | |
|---|---|
| Bladsy 58 tot 63 | Skrap alles vanaf "4.8 Die vervolging en die regsprekende gesag" tot aan die einde van die vierde paragraaf op bladsy 65 (voor 4.13). |
| Bladsy 68 tot 69 | Skrap die twee pararawe onder **"5.2 Private vervolging ingevolge statutêre reg".** |
| Bladsy 72 tot 73 | Skrap alles vanaf "5.3.4 *Sekerheidstelling ...*" tot aan die einde van die hoofstuk op bladsy 75. |

**Hoofstuk 6**

| | |
|---|---|
| Bladsy 89 tot 93 | Lees hierdie hoofstuk net aandagtig deur; u hoef dit nie te bestudeer nie. |

**Hoofstuk 7**

| | |
|---|---|
| Bladsy 118 tot 119 | Skrap die gedeelte onder "7 UITLEWERING". |

**Hoofstuk 8**

| | |
|---|---|
| Bladsy 121 tot 122 | Skrap alles tot voor **"1.1 Algemene bevoegdhede ..."** |
| Bladsy 124 | Skrap vanaf "*1.1.3 Aanhouding vir doeleindes van ondervraging*" tot voor **1.2.** |
| Bladsy 126 tot 127 | Skrap alles vanaf "2 ONDERSKEPPING EN MEELUISTERING" tot aan die einde van die hoofstuk op bladsy 127. |

**Hoofstuk 9**

| | |
|---|---|
| Bladsy 139 tot 140 | Skrap alles (op hierdie bladsy) wat volg op "9 BESKIKKING OOR ..." |

**Hoofstuk 11**

Bladsy 172 tot 175 Skrap vanaf "4 VOORLOPIGE ONDERSOEKE" tot aan die einde van die hoofstuk op bladsy 175.

**Aanhangsels**

Lees die bylaes deur, maar parate kennis word nie vereis nie.

Ter wille van absolute duidelikheid beklemtoon ons weer eens dat u vir eksamendoeleindes die volgende moet bestudeer:

(1) u handboek en studiegids (en wel die gedeeltes wat nie deur hierdie studiebrief vir eksamendoeleindes uitgesluit is nie)

(2) alle ander studiebriewe wat in die loop van die jaar aan u gestuur is.

Ons nooi u uit om enige probleme wat u met enige gedeelte van die voorgeskrewe werk ondervind, met enigeen van u dosente te bespreek hetsy telefonies, per e-pos of in persoon.

Ons wens u alle sukses met u studie en voorbereiding vir die eksamen toe.

Die uwe

**Prof PM Bekker**
**Prof K Alheit**
**Prof JJ Joubert**
**Adv T Deane**

## AANHANGSEL

**VRAESTEL - STRAFPROSESREG (CMP101-3)** **Januarie/Februarie 2000**

### VRAAG 1

(a) Z bemerk hoedat 'n rooi motorvoertuig wat teen 'n hoë spoed beweeg, heen en weer oor die pad slinger, met 'n wit motor bots en hoedat beide motorvoertuie omslaan en in vlamme uitbars. Z sien hoedat iemand van die rooi motor weghardloop. Z skree vir die persoon (P) om stil te staan, aangesien hy gille hoor wat vanuit die ander voertuig afkomstig is. P hou egter aan om te hardloop. Z pluk 'n vuurwapen uit en skiet na P. P word gedood. Dit blyk later dat P die bestuurder van die rooi motorvoertuig was en dat persone in beide voertuie in die botsing gesterf het.

Bespreek die reëlmatigheid al dan nie van Z se optrede deur P te dood wanneer Z later van moord op P aangekla word. (15)

(b) Bespreek die **laer howe** se jurisdiksie ten aansien van strawwe.

**OF**

Die grense van die regsgebied van 'n distriks- of streekshof is deur wetgewing met vier kilometer uitgebrei. Bespreek die **inhoud** en **toepassing** van hierdie uitbreiding.

(10)

**[25]**

### VRAAG 2

(a) X en Y steel 'n pak lekkers uit 'n supermark. Hulle word om 18:00 op 'n Woensdagmiddag in hegtenis geneem. Beide doen aansoek om borgtog ingevolge artikel 59 van die Strafproseswet, maar dit word geweier. Hulle verskyn die daaropvolgende Maandagoggend vir die eerste keer in die hof. Met hulle eerste verskyning doen hulle aansoek om op borgtog vrygelaat te word. Die hof weier om aan X borgtog te verleen omrede sy ouers nie by die hof teenwoordig is nie, en weier ook Y se aansoek omdat Y (volgens die aanklaer) nie 'n vaste adres het nie.

Bespreek die reëlmatigheid (al dan nie) van die aanhouding van X en Y en die weiering om borgtog aan X en Y te verleen. (15)

(b) Speler X stamp speler Y, 'n 15-jarige skoolseun, opsetlik gedurende 'n sokkerwedstryd. Y breek sy heup as gevolg waarvan sy mediese onkoste R80 000 beloop. Y lê 'n klag van aanranding teen X, maar die direkteur van openbare vervolgings weier om te vervolg.

Adviseer Y en sy ouers aangaande die strafprosessuele stappe tot hulle beskikking in die lig van die voorgaande omstandighede. (10)

**OF**

Verskaf 'n volledige bespreking van die uitsonderings op die algemene beginsel naamlik dat die verhoor van 'n beskuldigde, die bevinding van die hof en die oplegging van vonnis in sy/haar teenwoordigheid moet geskied. (10)

**[25]**

**VRAAG 3**

(a) X word voor 'n distrikshof op aanklagtes van moord en verkragting gebring. X is vantevore skuldig bevind aan verkragting. X word gevra om voor die distrikshoflanddros op die gemelde aanklagtes te pleit.

Bespreek volledig die prosedure wat die hof verder in hierdie geval moet volg. (13)

(b) Skryf bondige aantekeninge oor elk van die volgende:

(i) die voorwerpe wat vatbaar is vir beslaglegging deur die polisie;

(ii) gebruikmaking van geweld deur die polisie wanneer hulle 'n perseel betree.

**OF**

Skrywe aantekeninge oor die inhoud en betekenis van die privilegie teen self-inkriminasie (reg om te swyg). (12)

**[25]**

**VRAAG 4**

(a) Bespreek die algemene bevoegdhede van die polisie met betrekking tot die ondervraging van enige persoon ongeag of hierdie persoon 'n moontlike getuie of 'n persoon is wat verdink word dat hy of sy 'n misdryf gepleeg het. (13)

(b) Skryf aantekeninge oor die dagvaarding en die akte van beskuldiging as metodes om die teenwoordigheid van die beskuldigde by sy of haar verhoor te verseker.

**OF**

Bespreek die bevoegdhede van die nasionale direkteur van openbare vervolgings. (12)

**[25]**

**[TOTAAL 100]**